

**Skriflesing:** Jakobus 2:1-13Teks: **Jakobus 2: 1,8, 12-13**Sing - **VOORAF SANG: Ps. 33:1,11****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2,3; Ps. 32:1; Ps. 86:1,8; Ps. 102:5,9****Jakobus 2:1-13****Jas 2:1 My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlijkheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie.****Jas 2:2** Sê nou daar kom in julle samekoms 'n man in met goue ringe aan sy vingers en met deftige klere aan en daar kom ook 'n brandarm man in met ou klere aan,**Jas 2:3** en sê nou julle maak 'n ophef van die man met die deftige klere en julle sê vir hom: "Kom sit u hier gemaklik," maar vir die arm man sê julle: "Gaan staan jy daar anderkant" of: "Kom sit hier by my voete,"**Jas 2:4** het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?**Jas 2:5** Luister, my liewe broers! Kies God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om die koninkryk in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie?**Jas 2:6** Maar julle behandel die arm man met minagting. Is dit nie die rykes deur wie julle uitgebuit word nie, en is dit nie hulle deur wie julle voor die hof gesleep word nie?**Jas 2:7** Is dit nie hulle wat die goeie Naam skend van Hom aan wie julle behoort nie?**Jas 2:8 As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," dan doen julle reg.****Jas 2:9** Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.**Jas 2:10** As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.**Jas 2:11** God wat gesê het: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie," het ook gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie." As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet.**Jas 2:12 Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak.****Jas 2:13 Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.****Skriflesing:** Jakobus 2:1-13Teks: **Jakobus 2:1,8,12-13**Sing - **VOORAF SANG: Ps. 33:1,11****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2,3; Ps. 32:1; Ps. 86:1,8; Ps. 102:5,9**

Waarmee hou ons geloof verband?! Broeder en suster, dis 'n belangrike vraag wat al belangriker word, hoe dieper ons ook die Jakobus-brief ingaan. In hoofstuk 1 het ons al moes sien dat geloof is dit waaroor die lewe gaan. Jy sal in jou geloof getoets word, jy sal beproef word. In jou geloof het jy wysheid nodig wat jy van God moet afbid. Daar gaan versoekinge kom maar moet nie die oorsaak van versoekinge by God soek nie en moet nie die gevaar en teelaarde van versoekinge ooit onderskat nie.

Jakobus 1 het in sy laaste dele ons gebring by waar ons verlede Sondag ook was, dat jy gaan getoets word in wat jou reaksie op God se Woord is. God se Woord wat goed na geluister moet

word. Ek moet gou en gewillig wees om te wil hoor. Die krag en die voortgang van God se Woord moet binne ons lewe beslag kry. Die Woord van God moet vir jou word 'n ingeplante Woord. As jy wedergebore kind van God is, dan sal jy ootmoedig die woord van God aanneem, want lees ons in Jak.1:21 - 21 *Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.*

\*\*\*

Hoe ons vandag vêrder in Jakobus 2 met die ingeplante Woord mag omgaan is dat ons besef ons gaan nog verder getoets word. Ek word nie net getoets in wat my reaksie op God se Woord sal wees nie, maar ek word ook getoets in hoe ek ander mense oordeel. Ja, die vraag word gevra in hoe maak ek die onderskeid tussen mense. So word ons ook getoets aan die hand van die sosiale ongeregtheid, of kom ons noem dit gewoon, ek word getoets kragtens die diskriminasie wat daar so dikwels tussen mense plaasvind. Eerstens kom aan die orde- op watter gronde is ons geneig om andere te oordeel? In die tweede plek – hoe moet daar geoordeel word?! In die laaste plek- wat sal die goue reël wees as ons hoor die wet maak ons vry? Eerste dan:

**Op watter gronde is ons geneig om andere te oordeel?**

Die ware toedrag van sake, geliefdes, is eintlik 'n skok dat Jakobus gaan haal sy voorbeelde in wat in die Kerk gebeur. In die sinagoge van daardie tyd wat ook as mense in hulle kerk-wees gesien kan word. Die man met die geringde vingers, letterlik staan hier in die Grieks hy is goud gevinger ... sy vingers is met ringe oorlaai, hy dra klere wat blink, fyn klere, en tegelyk stel Jakobus 'n ander man voor ons, heeltemal teenoorgesteld. In vodde geklee, sy klere is verslete, die hele gelaat is vaal, dit blink nie soos die ander man nie. Dadelik word aan die man met die blink fyn klere, in die godsdienstige samekoms 'n ereplek aangebied, maar aan die ander man word opdrag gegee, gaan staan jy daar eenkant, of daar word vir hom gesê hy nie eers op 'n voetstoel mag gaan sit nie, maar gaan sit onder die voetstoel of gaan sit daar langsaan. Ek wil jou nie sien nie.

\*\*\*

Waarmee is ons hier besig, as ons hierna kyk, broeder en suster? Ons is besig met ons eie standarde en weet u wat maak dit nog erger! Ons eie standarde is gewoonlik dubbele standarde. In vers 26 van hfst. 1 het ons ons geneigdheid tot ons dubbele standarde al moes begin raaksien- 26 *As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie,*

*bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos.* Daar was die tong al deel van iets wat my dubbele standaard ontbloot. Met my tong gee ek voor hoe godsdienstig ek kamtig is, maar dieselfde tong kry ek nie intoom gehou nie. Dubbele standaard lei so maklik tot verkeerde maatstawwe.

\*\*\*

Nou is ons in die maatskaplike lewe, of sosiale lewe, ons begewe ons inderdaad elke dag in 'n sosio-politiese omgewing wat met jou godsdiens alles te make het, want niks is daar in hierdie lewe, los van ons godsdiens nie. Waar dit gaan om godsdiens wat eg en suiwer moet wees, het ons in hfst. 1 vers 27 al kon lees- *27 Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.* Waar godsdiens eg en suiwer is, mag dubbele standaard en verkeerde maatstawwe nie die botoon voer nie, intendeel dit moet ontbloot word!

Dit doen Jakobus baie duidelik, hy ontbloot die grond waarop ons geneig is om andere te oordeel, sommer gou en maklik. Gewoon gaan dit oor ons steek by die uiterlike vas. Dis menslik, ook Samuel het dit oorgekom toe hy 'n nuwe koning in die plek van Saul vir Israel moes aanwys. Hy steek so maklik by Eliab vas, dit moet hy wees, kyk hoe groot is hy, watter forse man, hy wil amper nie glo dat dit nie hy kan wees nie. Samuel wat tog 'n mensekenner was, hy sien die forse en indrukwekkende van hierdie man hier voor hom wat hy geglo het, God het hom gekies as ons nuwe koning. Dan lees ons in 1 Sam 16 vers 7 - *Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

Dis presies wat Jakobus ons ook laat hoor- daar moet dieper geoordeel word, vergeet om die uiterlike die groot maatstaf te maak. Daar was 'n hakkende Moses, daar was 'n Levi wat 'n tollenaar was, daar was 'n Paulus wat 'n verbete vervolger van christene was, tog was hulle gekies, daar was geen uiterlike voordeel aan hulle kant nie. Die mens kyk na die uiterlike, sê God vir Samuel, maar God werk met die innerlike.

\*\*\*

Simon die Fariseër nooi Jesus om by hom te kom eet. Op die oog af 'n ruimhartige daad, so 'n mooi uitnodiging, maar Jesus ken die hart, hy sien die geslepenheid van ons as mense so duidelik

raak. Toe Jesus in Simon se huis, 'n baie sondige vrou toelaat om sy voete te salf, is Simon se oordeel oor Jesus so skeef en krom want wil hy glo hoe kan Jesus die vrou so naby hom toelaat, weet Jesus dan nie met watter soort vrou Hy hier te doen het nie? Van hierdie vrou se berou oor haar sondes en hoe sy werklik Jesus sien as my Verlosser, daarvan het Simon niks wou sien of kon verstaan nie. Ja, ons dubbele standaard met ons verkeerde motiewe, speel ons groot parte. Ons wat die ware toedrag hoe dit in hemelse verband werk, wat die aardse verbande moet blootlê, nie maklik ons eie maak nie. Ons wat nie maklik verby die uiterlike kan kyk nie, word dan in die tweede plek gebring by –

### **Hoe daar geoordeel moet word?**

Geloof mag nie met die aanneming van die persoon gepaard gaan nie, geloof moet wel met die aanneming van goeie werke gepaard gaan. Dit sal ons aan die einde van hfst. 2 al duideliker moet raaksien. Geloof het altyd verband met mense en goeie werke maar in hoe dit ander mense se lewens raak, in hoe geloof nie sonder werke kan wees nie, word die diepere saak. Die voorwerp van geloof is waarop alles gerig moet wees- Vers 1 van hfst. 2 is eintlik waar dit alles om gaan. Baie eksegete sien hierdie vers as die heel belangrikste vers in die hele brief. Ja, dit is die vers waar rondom alles moet gaan, daarom so belangrik wat ons hier lees- ek sien dit in die ouer vertaling: *1 My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlijkheid, nie wees met aanneming van die persoon nie.*

\*\*\*

Hoe daar geoordeel moet word gaan om hoe ek Jesus Christus voor oë hou. My geloof is gerig nie op 'n iets nie, op hoe iemand anders lyk, hoe blink en ryk en groot en sterk en gering die ander dalk kan wees nie. Ons geloof is nie op iets gerig nie, dis die negatiewe, maar die positiewe, ons geloof is wel gerig op 'n Persoon, op Hom wat Jesus Christus is. Hy die volmaaktheid van die heerlijkheid van God. Ons kan hom noem die *Here van die heerlijkheid*, is waar dit alles by moet begin en eindig.

\*\*\*

Dit neem dan weg, ja dit moet dit wegneem, hoe bevooroordeel ons teenoor ander mense kan wees. Veral dan ook hulle wat kinders van God is, maar wat dalk nie so ryk en milddadig hulleself kan voordoene nie. Ek moet alle bevooroordeeldheid probeer vermy, ja laat ons rykdom en ons oordeel oor ander mense nie op die geld en die ringe en die blink van die wêreld fokus nie, maar daar is 'n ander rykdom wat ons by moet uitkom. Die rykdom wat daar in die geloof lê

is 'n rykdom wat jou God se koninkryk laat raaksien. In God se koninkryk weet ek geld wat stom is bly stom, jy kan nou maar maak wat jy wil. Geld wat stom is, bly stom, maar God is in sy volmaakte wet, die wet wat ons kan noem, die koninklike wet, beslis nie stom nie. Die Wet wat ons vanoggend ook weer kon hoor.

\*\*\*

Geloof en wet kom bymekaar uit en hoe ek ander oordeel en hoe ek oor myself ook moet oordeel sal altyd die proses wees van laat jou geloof jou by God se Wet uitbring. Hou die Wet in alles voor oë is waaroor verse 8-11 tog eintlik oor handel. Veral dit wat Jakobus noem *die koninklike wet - 8 As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself— dan doen julle goed. 9 Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf.* Dan wys vv. 10-11 onmiddellik op die deurwerking van die Wet in ons lewe. Dit net toegepas op die 6de en die 7de gebod, maar natuurlik geld dit vir al die gebooie.

Ja, in die geloof gaan dit om die sinekdogee karakter van die Wet. Sinekdogee wat beteken geen gebod is geïsoleerd nie, dit werk sinopties (tegelyk), ja as ek in een opsig struikel dan is ek so skuldig soos kom. Een wat moord pleeg het nie 'n erger sonde gedoen as die een wat 'n ander se vrou syne gemaak het, of 'n ander se man haarself toegeëien het en die weg van versoeking met hom/haar doelbewus gekies het. Dit tot op die punt waar hierdie versoekende en verleidelike verhouding jou meegesleep, bevrug en so diep geraak het, jy word swanger daarvan, maar die kindjie hieruit gebore dra die naam van die dood (vgl. weer Jak 1:13-15).

Wie oordeel aan die hand van die Wet, nie op grond van uiterlike oordeel nie, sal in alles God se koninklike Wet wil hou. Jy sal die toets van die liefde sien as nou oordeel ek volgens my geloof in Jesus Christus en ek wil by die Here van die heerlikheid uitkom in hoe ek gaan oordeel.

Oordeel moet daar geoordeel word, maak nie 'n fout nie. Dis totaal onbybels om te wil voorgee ek mag nie oordeel nie. Die mense wat so maklik sê jy moet nie oordeel nie, bedrieg hulleself, soos die spieël-kyker van hfst. 1:23-24. Ons moet oor alles en almal kan oordeel ... in jou eie lewe, in alles in jou en rondom jou moet jy 'n oordeel kan vorm, maar jou oordeel sal wees die goue reël wat ons vandag dan ons laaste gedagte maak:

**Ons hoor die Wet maak ons vry!**

Gestel ek is die oortreder van die 7de gebod in my lewe gewees, of ek het werklik die 6de gebod al so dikwels oortree, veral in die lig van Sondag 40 van die Kategismus. Oor hoe ek met my gedagtes, met my woorde, met my gebare 'n moordenaar kan wees, al het ek gedink ek is vêr daarvandaan om iemand te vermoor. V/A 105 en 106 kom werklik uit by wat ons vrymaak. Ons praat dan en ons tree op soos mense wat werklik glo die wet maak ons vry. Ons lees dit: *12 Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak. 13 Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.*

As ek vandag hoor, die Wet maak my vry en ek hoor nog meer, ek besef dat barmhartigheid roem teen die oordeel, barmhartigheid is dit wat regtig saak maak, dan kom ek by wat ware vryheid in ons lewe beteken. Ons vryheid lê dan juis in ons gebondenheid in Hom waarmee hfst. 2 vandag ook mee begin het- *die Here van die heerlikheid* wat die voorwerp van jou geloof moet wees en daarom oordeel ek oor ander mense soos een wat geoordeel gaan word. As God my onbarmhartig aankyk, ja in van die profete lees ons van God wat ons nie langer donker sal aankyk nie - Jer. 3:12b - ... *Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie.* As Jeremia, wat ons ook ken as God se traneprofet, as hy so oor God se goedertierenheid kon roem en hoe God nie vir ewig, vir altyd kwaad sal wees nie, hoe God oor ons oordeel is hoe ons oor mekaar moet oordeel.

Weet dat jy gaan hierin getoets word en jy sal nog weer getoets word. As God jou vergewe het, hoe is jy een wat nie ander kan vergewe nie. God wat aan jou sy koninkryk belowe het, wie is ek om nie ander in God se koninkryk te wil laat deel nie. As ek tot die Here bid, *laat U koninkryk kom*, dan is dit 'n gemeenskaplike gebed, ek moet dit saam met ander ook wil bid, ongeag hulle stand of stad, hulle geslag of gesag, hulle rykdom of armoede, ongeag hulle ras of volk, dit moet wees, ons wat bid, daar waar ek saam met ander is, wat God hulle noem, my kinders. Vandag kon ons hoor geloof hou nie verband met die uiterlike, dit wat ons met die aanneming van 'n persoon assosieer nie, volgende keer sal ons wel terdeë besef, geloof hou wel verband met goeie werke. Laat ons ook besef ons woorde en ons daade getuig of in ons guns of dit getuig teen ons.

*Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vrymaak. Hierin roem die barmhartigheid teenoor die oordeel.*

AMEN

Hy wys op vier verkeerde motiewe.

Dit is verkeerde oorwegings wat 'n al te groot rol speel.

Geloof word op talle maniere getoets.

Ek word getoets in wat my reaksie op God se Woord sal wees.

Ek word getoets kragtens die sosiale ongeregtigheid (diskriminasie) wat daar plaasvind.

Ek word getoets in watter mate daar werke uit my geloof na vore kom. Geloof sonder werke is dood.

Ek word getoets in hoe ek selfbeheersing kan toepas (my tong kan beheer).

Ek word getoets in watter mate ek ver wêrelds en ek wêreldgelykvormig kan word.